

30 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 13:38-52

‘n Lig vir die nasies

Die uitdra van die evangelie aan ongelowiges ontlok ‘n dubbele reaksie: aan die een kant ‘n gretigheid om meer te hoor en ‘n bereidwilligheid om in Jesus te glo; aan die ander kant, teenstand en verwerping.

Paulus preek dat die tyd van die vergifnis van sonde aangebreek het. Die Jode was oortuig dat die eindtyd sou begin as die Messias kom. Die tyd sou terselfdertyd vergifnis van sonde inhou, maar Paulus preek dat dit alleen deur geloof in Jesus is dat iemand vrygespreek word van sy sonde, en nie deur die wet van Moses nie. Daarmee word die eiegeregtigheid van die Jode wat van die wet van God ‘n prestasie van die mens maak, met wortel en al uitgetrek. Terselfdertyd word die oordeel van God gepreek. Wie nie die pad van Christus se geregtigheid volg nie, op hom rus God se straf.

Die reaksie op die prediking was duidelik. Die hele stad is daarby betrek en die evangelie het onder die heidene versprei. Die Jode was egter afgunstig omdat Paulus-hulle soveel aftrek onder die ongelowiges ontvang. Hulle begin vir Paulus-hulle te beledig (vers 45). Hiermee verset hulle hulle egter teen God self en die lewe wat Hy skenk. Só kom daar ‘n breuk met die sinagoge. Hierdie breuk het twee gevolge: die eerste is dat die heidene die Woord met blydschap aanhoor; die tweede dat die Joodse leiers dit bewerk dat die apostels verban word.

Dit is opmerklik dat ons hier lees: “Almal wat vir die ewige lewe bestem was...” Ewige redding is nie in mense hande nie, maar God se genadewerk, vir Jood en heiden. Jy kan dit nie verdien nie (prediking vir die Jode), en jy kry dit ook nie vanselfsprekend nie (prediking vir die heidene). Dit vra altyd geloof in die heil wat God in sy genade aan jou bied. Hier fluister ons met diepe eerbied die woorde: God se ontferming! Uit God se genadige wil is die kerk gebore en word die kerk gebou. Almal wat vir die ewige lewe bestem is, kom tot geloof! Toe en vandag. Straks juig die ganse kerk: “Uit vrye guns alleen...!”

Sing: Skrifberyming 24:7

Prof F Denkema (Potchefstroom)